101/89

Saaknommer:27/88

whn

<u>Ex parte</u>

**<u>DIE MINISTER VAN JUSTISIE</u>:**

**<u>In re</u>** <u>S v J</u> 1980(4) SA 113 (O K);

**<u>S v VON MOLENDORFF en 'n ANDER</u>**

1987(1) SA 135 (T)

**<u>JOUBERT</u> AR:**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

Ex Parte:

DIE MINISTER VAN JUSTISIE:

In re S v J 1980(4) SA 113 (O K);

S v VON MOLENDORFF en 'n ANDER 1987(1) SA 135 (T)

Coram: JOUBERT, HOEXTER, NESTADT, VIVIER ARR

et FRIEDMAN Wn AR

Verhoor: 21 Augustus 1989

Gelewer: 7 September 1989

---

UITSPRAAK

JOUBERT AR:

/Ingevolge ........

Ingevolge die bepalings van art 333 van die Strafproseswet 51 van 1977 het die Minister van Justisie die volgende regsvraag aan hierdie Hof vir beslissing voorgelê:

> "Is dit nodig, ten einde die misdaad van afpersing daar te stel, dat die voordeel wat by die misdaad van afpersing verkry staan te word, ŉ vermoënsregtelike voordeel moet wees al dan nie ?"

Die voorlegging van die regsvraag spruit voort uit die omstandigheid dat verskillende afdelings van die Hooggeregshof teenstrydige beslissings oor die juridiese aard van die voordeel waarop die misdaad van afpersing betrekking het, verleen het. In S v Von Molendorff en ŉ Ander, 1987(1) SA 135 (T) is ŉ enge standpunt ingeneem dat die betrokke voordeel tot ŉ vermoënsregtelike voordeel (patrimonial, proprietary, monetary or economic benefit) beperk moet word. Regtens is ŉ vermoënsregtelike voordeel enige voordeel

waarop ŉ geldwaarde geplaas kan word sodat dit ŉ bate (*an asset*) in ŉ boedel kan wees. Daarenteen is in *S v J*, 1980(4) SA 113 (O K) ŉ wye standpunt gehandhaaf dat die betrokke voordeel selfs ŉ belang kan wees wat nie ŉ geldwaarde het nie, d.w.s. dit kan nie-vermoënsregtelik van aard wees sodat dit nie ŉ bate in ŉ boedel hoef te wees nie (*non-proprietary* or *non-monetary benefit*).

Afpersing is ŉ gemeenregtelike misdaad en derhalwe moet die antwoord op die regsvraag in die kenbronne van ons gemene reg gesoek word.

Die ontstaan van die misdaad van afpersing (*concussio*, *impressio*) is in die Romeinse reg te vind. Verwysings daarna word slegs in ŉ paar tekste in die *Corpus Juris Civilis* aangetref. Dit is opvallend dat Digesta boek 47 titel 13 wat oor afpersing handel slegs uit twee kort *leges* bestaan. Hulle lui soos volg:

/4...........

Lex 1 (Ulpianus): Si simulato praesidis iussu concussio intervenit, ablatum eiusmodi terrore restitui praeses provinciae iubet et delictum coercet.
(Watson se vertaling: " If extortion occurs on the pretended order of the governor, the governor of the province will order the return of what has been obtained and will punish the wrong").

Lex 2 (Macer): Concussionis iudicium publicum non est : sed si ideo pecuniam quis accepit, quod crimen minatus sit, potest iudicium publicum esse ex senatus consultis, quibus poena legis Corneliae teneri iubentur, qui in accusationem innocentium coierint quive ob accusandum vel non accusandum, denuntiandum vel non denuntiandum testimonium pecuniam acceperit.
(Watson se vertaling: " The process for extortion is not public; but if a person receive money because he has threatened to accuse someone, there can be a public prosecution under the senatus consulta

which extend the penalty of the Lex Cornelia to those who conspire to accuse the innocent or who accept money for laying or refraining from accusation or for giving or not giving evidence").

Onderstreping deur my. Hierbenewens is daar twee keiserlike constitutiones uit die jare 354 A D en 415 A D respektiewelik wat relevant is. Hulle is die volgende:

Codex 2.19(20).11 : Si per impressionem quis aliquem metuens saltem in mediocri officium constitutum rei suae in eadem provincia vel loco, ubi tale officium peragit, sub venditiones titulo fecerit cessionem, et quod emptum fuerit reddatur et nihilo minus etiam pecunia retineatur : simili poena servanda, si qui vel coniugis vel amici nominibus abutentes praedam tamen sibi adquirunt. (Scott se vertaling: "If anyone, merely apprehensive of the influence of a person holding an office of trifling importance, should be induced to sell him property belonging to himself, situated in the

same province or place where he is
discharging the duties of his office,
what has been purchased shall be returned,
and the purchase-money may even be retained;
and those who have acquired anything by
extortion through making an improper use
of the names of their wives and friends
shall be liable to a similar penalty").

Onderstreping deur my. Wat die vertaling betref, word die woord praedam verkeerdelik deur "anything" vertaal. Praeda beteken buit (booty). Lig word gewerp deur Baldus (1327-1400), die beroemde middeleeuse Kommentator, op die betekenis van die laaste sinsnede, nl. simili poena servanda ---- adquirunt. Baldus doen dit in sy kommentaar op Cod. 2.19 (20). 11 soos volg: Item nota istam legem contra feneratores qui faciunt recipi instrumenta per uxores vel per familiares eorum et tene menti. Die afpersers is geldskieters (feneratores, foeneratores) wat misbruik van

die name van hul vrouens of vriende maak ten einde deur middel van hulle die afgepersde woekergeld te ontvang.

Codex 2.19 (20).12 Venditiones donationes transactiones, quae per potentiam extortae sunt, praecipimus infirmari.
(Scott se vertaling : "We order that all sales, donations and compromises which have been extorted by the improper exercise of authority shall be void").

Hierdie is regshandelinge wat deur die kragtige uitwerking van afpersing aangegaan is. Daarom word hulle tersyde gestel.

Hulle kon betrekking hê op die betaling van geld of op die lewering van 'n saak (res), soos ons van hul aanwending in die Romeinse reg weet. Ek sal straks verwys na Matthaeus II se kommentaar op hierdie constitutio.

Dit blyk dan dat afpersing in die Romeinse reg deur 'n afperser (concussor) gepleeg word teenoor 'n slagoffer (qui concussionem passus est) deur wederregtelik druk op

hom uit te oefen, of deur vrees by hom te wek (terrore adhibito), ten einde hom te dwing om 'n voordeel aan die afperser te laat toekom. Die afperser was by uitnemendheid 'n amptenaar (officialis) maar hy kon ook 'n private persoon wees wat hom as 'n amptenaar voordoen. Geldskieters of woekeraars wat afpers, was blykbaar ook private persone. Hierdie aspek hoef ek nie op verder in te gaan nie omdat hierdie Hof reeds in Rex v G, 1938 AD 246, beslis het dat afpersing volgens ons gemene reg deur 'n private persoon gepleeg kon word sonder om voor te doen dat hy amptelike gesag uitoefen. Die voordeel wat afgepers kon word, was in die Romeinse reg geld (pecunia) of 'n saak (res). Dit moes noodwendig 'n saak in die handelsverkeer (res in commercio) wees wat liggaamlik (res corporalis) of onliggaamlik (res incorporalis) kon wees. Die kenmerk van 'n saak in die handelsverkeer was dat dit 'n vermoënsregtelike voorwerp was wat 'n bate in

ŉ private persoon se boedel kon wees (<u>in nostro patrimonio</u>). Inst. 2.1 pr., D 1.8.1 pr. ŉ Geldwaarde kon daarop geplaas word.

In die middeleeuse reg en tot in die 16e eeu het die juriste gepoog om afpersing te onderskei van omkoop van amptenare (korrupsie of <u>crimen repetundae</u>) asook van roof. Daarmee hoef ek vir doeleindes van hierdie uitspraak nie te handel nie. Wat hierdie ondersoek betref, kon ek geen verdere uitbreiding op die Romeinse reg by die middeleeuse Glossatore en Kommentatore aantref nie.

Die Italianer Paridis de Puteo, vermoedelik van die 16e eeu, het ŉ verhandeling <u>de sindicatu omnium officialium</u> geskryf wat opgeneem is in band 7 folio 239 van <u>Tractatus Universi Juris</u>, 1584, waarin hy afpersing aan die hand van die Romeinse reg en die middeleeuse Kommentatore soos Bartolus (1314-1357), Baldus (1327-1400), Odofredus

(± -1265) en Cinus Pistoriensis (1270-1336) behandel. Dit is opvallend dat hy na die voordeel wat afgepers word, soos volg verwys:nr 1 *aliquid*, nr 2 *pecuniam*, nr 3 *pecuniam vel aliud*, nr 4 *pecuniam*, nr 5 *aliquid*, nr 6 *pecuniam*, nr 19 *aliquid*. Die feit dat hy naas of in stede van geld gebruik maak van die wye onsydige "iets" (*aliquid*, *aliud*) maak in die konteks van gebruikmaking geen verskil nie. Die "iets" is volgens die konteks iets van waarde wat geldwaarde het. Vergelyk D 3.6.1.4 : Pecuniam autem accepisse dicemus etiam si aliquid pro pecunia accepimus. (Watson se vertaling: "We shall say that we received money, even if we received something in place of money"). Dit sal verder blyk uit die benadering wat soos ŉ rooi draad wat dwarsdeur die regsgeskiedenis van afpersing loop.

Die Suid-Nederlander Damhouder (1507-1581) in sy *Practijcke in Criminele Saecken*, capittel 129 nrs 1-

3 verwys na <u>gelt</u>.

Die Italianer Menochius (1532-1607) in sy <u>De Arbitrariis Judicum</u>, lib 2 centuria 4 casus 342 nr 35 wys daarop dat afpersing uitbreiding vind tot gevalle waar die regter as afperser geen geld ontvang het nie maar op 'n ander wyse een of ander nut of voordeel verkry het : Extenditur octavo, ut locum habeat, etiam si nulla data est pecunia, sed tamen alio modo aliquam utilitatem & commodum sensit ipse iudex D 3.6.1.4, 3 pr. - - - Hy wys in nr 33 daarop dat dit ook geld waar 'n regter as afperser iets wat hy aan die slagoffer verskuldig is, kwytgeskeld word : Extenditur sexto, ut procedat etiam cum aliquid debitum fuit ipsi iudici remissum. In nr 34 het hy dit oor die geval waar die regter as afperser iets (<u>aliquid</u>) geleen het onder die verstandhouding om dit nooit weer terug te gee nie. Hier geld dieselfde opmerkings wat ek <u>supra</u> oor die wye onsydige betekenis van <u>aliquid</u> en

_aliud_ gemaak het. Daar is geen aanduiding hoegenaamd in die konteks dat Menochius die woord _aliquid_ in 'n nie-vermoënsregtelike betekenis gebruik het nie.

Die Franse juris Donellus (1527-1591) _ad_ Cod. 4.7.3 nr 5 wys daarop dat _aliquid_ die voorwerp van afpersing is. Dit is egter veelseggend dat hy 'n beroep doen o.a. op D 3.6.1.4. In sy _De Jure Civili_, lib. 15 cap. 40 oor afpersing verwys Donellus deurgaans na _aliquid_ en _quid_. Tereg verwys Hilliger in voetnoot 1 op Donellus se teks na Cujacius (1520-1590) se omskrywing van afpersing wat _pecuniae vel alterius rei_ as die voorwerp van afpersing vermeld. Die betrokke omskrywing van Cujacius is te vind in sy _Paratitla_ in D 47 tit 13. Dog _ad_ Cod 4.7 verwys Cujacius slegs na _aliquid_.

Die Italianer Prosper Farinacius (1554-1618) in sy _Praxis et Theoretica Criminalis_, band 2, quaestio

111 artic. 3 nrs 40 tot 45 en 49 behandel afpersing ten aansien van <u>pecunia</u> sondermeer.

Ek gaan nou daartoe oor om van die belangrikste juriste van die 17e eeu te raadpleeg. Die Duitser Carpzovius (1595-1666) op wie skrywers oor die Romeins-Hollandse reg dikwels steun, verwys in sy <u>Practica Rerum Criminalium</u>, pars 2 quaestio 90 nr 67 (wat oor roof handel) daarop dat <u>pecuniam aliasve res</u> afgepers word. Soos ek reeds verduidelik het, slaan dit op geld of sake as vermoënsregtelike voorwerpe.

Die Duitser Brunneman (1608-1672) wat ewe-eens groot aansien onder die skrywers oor die Romeins-Hollandse reg sowel as in ons regspraak geniet, gee <u>ad</u> Cod. 3.26.9 nr 2 'n omskrywing van afpersing wat op geld betrekking het.

Ek behandel vervolgens die skrywers oor

die Romeins-Hollandse reg. Dit is opvallend hoe min aandag hulle aan afpersing (*knevelary*, *concussie*) bestee het. Ek kan in die *Observationes Tumultuariae* en in die *Observationes Tumultuariae Novae* geen beslissings van die Hooge Raad oor afpersing vind nie. Hierdie Hof is ook na geen sodanige beslissings verwys nie.

Matthaeus II (1601-1654) in sy *De Criminibus* D 47 cap 7 nr 1 stel die vereiste dat afpersing op *pecunia vel res aliqua* betrekking moet hê. Hy maak ŉ belangrike bydrae in nr 2 wat soos volg lui:

> Si in officio aut administratione constitutus per terrorem extorserit privato venditionem alicujus rei Cod 2.19(20).12. Hae concussionis species atque exempla in libris nostris reperiuntur : quod autem nonnulli adjiciunt Cod 5.7.1, D 12.1.33, Cod 1.53.1. , Id parum recte ab eis factum arbitror : concussio enim pecuniae

> extorquendae gratia sit : in adductis autem legibus aut de terrore injecto non agitur, aut si agitur, pecunia tamen extorta non est : veluti in Cod 5.7.1 de terrore agitur, non pecuniae sed nuptiarum extorquendarum gratia.

In nr 2 meld Matthaeus II die geval waar ŉ amptenaar deur vreesaanjaging ŉ private persoon tot die verkoop van een of ander saak afgepers het. Hiervoor steun hy tereg op Cod 2.19(20).12 wat ek supra behandel het. Vergelyk hieroor Glossator Vivianus se glossa ad "venditiones" in Cod 2.19(20).12 wat soos volg lees:

> Sicut venditio sive donatio, seu qualibet contractus metu mortis, vel cruciatu corporis invitus, pro rato habendus non est : similiter si per potentiam extortus sit.

Matthaeus II noem regshandelinge wat afgepers word species concussionis waarvan voorbeelde in die geskrifte van juriste

gevind kan word. ('n Mens dink hier bv. aan die kwytskelding van 'n skuld of die aangaan van 'n sogenaamde geldlening wat deur Menochius supra vermeld word). Blykbaar is Matthaeus II dit daarmee eens. Waarteen Matthaeus II egter beswaar maak, is teen die tekste, soos Cod 5.7.1, D 12.1.33 en Cod 1.53.1, waarop sommige juriste hul ten onregte beroep. Hy verduidelik dat dit in hierdie tekste nie gaan oor vreesaanjaging nie of indien hulle wel daaroor handel, dan is geld nie afgepers nie. In Cod 5.7.1 gaan dit wel oor vreesaanjaging vir die afpersing van huwelike maar nie vir geld nie.

Dit is nodig om na Cod 5.7.1 te verwys wat 'n keiserlike constitutio van 380 A.D. bevat. Hierdie keiserlike verordening het betrekking op provinsiale amptenare wat misbruik van hul gesag maak deur te poog om onwillige meisies of vroue deur vreesaanjaging daartoe te dwing om met

hulle in die huwelik te tree. Dit is 'n misdaad waarvoor hulle by skuldigbevinding met 10 goue <u>librae</u> beboet kon word en uit hul ampte ontslaan kon word. Raadpleeg hieroor Baldus <u>ad</u> Cod 5.7.1 pr asook Brunneman <u>ad</u> Cod 5.7.1 nr 1. Ons het hier inderdaad nie met afpersing (<u>concussio</u>) te doen nie maar met 'n besondere misdaad.

Insgelyks het Cod 1.53.1 niks met afpersing te doen nie. Dit bevat 'n keiserlike verbod van Justinianus, gedateerd 528 A.D., wat o.a. provinsiale goewerneurs verbied om skenkings te ontvang, vaste eiendom te koop of huise op te rig ens.

Dieselfde geld vir D 12.1.33 wat verwys na keiserlike verordeninge waarvolgens diegene wat in beheer van provinsies is asook diegene wat hul behulpsaam is, verbied word om handel te dryf, geld uit te leen of wins te beoefen.Van afpersing is daar geen sprake nie.

Van Leeuwen (1626-1682) R H R 4.33.8 verwys na die afpersing van "schatting, of yets anders". Volgens Van Dale se Groot Woordenboek der Nederlandse Taal, 8ste druk, s.v. schatting beteken laasgenoemde o.a. belasting, afgedwonge heffing. Dit lyk asof hy eintlik pecunia vel aliquid in gedagte het soos vele ander juriste.

Voet (1647-1713) behandel in 47.13.1 die misdaad van afpersing waarvan ek die volgende relevante gedeelte aanhaal :

> Concussio (quae et impressio dicitur, Cod 2.19 (20),11 est terror injectus, pecuniae vel alterius rei extorquendae gratia, praecipue quidem sub specie potestatis, simulato magistratus jussu, sed tamen & aliis modis sub aliquo juris obtentu atque colore (D 47.13.1 et 2) quae quo modo a rapina distet, colligi potest ex dictis 4.2.1 -------------
> Quod accidit, si quis simulato praesidis

jussu pecuniam ab alio consecutus sit. D 47.13.1. Si centurio vel alius similis tyrocinii evitandi causa pecuniam ab aliquo acceperit, Cod 4.7.3. Si in officio vel administratione positus privato per impressionem extorserit venditionem rerum, arg. Cod 2. 19(20), 11 et 12. Vel puellam, suae potestati subjectam, invitam compulerit ad nuptias metu suae potestatis, Cod 5.7.1. Si metator, qui hospitia militibus & praefectis assignat, eam ob causam quid acceperit, aut milites hospitio excepti, plus quam oportet, sibi vindicaverint, D 1.18.6.3,.5,.6. Si quis insignibus altioris ordinis utatur; aut militem se fingat, quo alios vexet et concutiat, iisque cinguli praesumtione gravis sit, D 1.18.6.3, Paulus recept. sent. libr. 5 tit. 25 § pen. Si sub specie tributorum illicitae fiant exactiones seu superexactiones, quorum poena ex continuatione capitalis esse potest, Cod 10.20.1, D 1.18.6.3. Si quis

accusationem vel testimonii dictionem per calumniam comminatus sit, ut quid sibi detur ; in quo transactiones à sordidis distare dicuntur concussionibus, D 47.13.2, D 3.6.8 junct D 3.6.1.3. Si quis in carcerem detrusus sit, ut aliquid ei extorqueretur, D 4.2.22. Vel à potente adversario minis sit territus, fore, ut vinctus iret ad cognitionem ; vel sine judice quidem, sed tamen interveniente apparitione praesidis indebitum solvere cogatur, D 4.2.23.1 et 3. Si executores litium plus justo exegerint, sub obtentu executionis rei judicatae, Novel 124 cap. 3.
Si quis de judicis amicitiis aut familiaritate mentiens, eventus sententiarum ejus vendat, Paulus recept. sent. lib.5 tit. 25 § ult. Si magistratus mortis aut verberum terrore pecunias alicui per injuriam extorserint. ------------

My onderstreping. Gane se vertaling hiervan, met weglating van sy eie subtitels, lui soos volg:

"Extortion (which is also called 'squeezing') is the inspiring of fright with the purpose of extorting money or some other thing. This especially happens indeed under a show of power, when a command from a magistrate is feigned, but nevertheless may also happen in other ways under any pretext and colour of right. D 47.13.1 and 2. How it differs from robbery can be gathered from what has been said in our title on Things done because of Fear (Book 4 title 2 sec 1 above) --- This happens (i) When a person has obtained money from another by pretending a command from the governor of the province D 47.13.1; (ii) When a centurion or other person like him has received money from someone with a view to the avoidance of service as a recruit, Cod 4.7.3; (iii) When one who is in a post of duty or of management has privately extorted the sale of properties by squeezing, Cod 2.19(20), 11 and 12; (iv) Or has driven a girl who is subject

/22............

<u>to his power into marriage against her will through fear of that power</u>, Cod 5.7.1; (v) When a camp-surveyor who is allotting billets to soldiers and their commanders has received something on that account, or soldiers who have been put up in billets have claimed for themselves more than they ought to claim, D 1.18.6 secs 3, 5 and 6; (vi) When a person uses the badges of too high a rank; (vii) Or pretends to be a soldier so that he may harass and extort from others, and be hard upon them through the swagger that goes with the military girdle, D 1.18.6.3, Paulus, <u>Received Opinions</u> Bk 5 tit 25, last section but one; (viii) When unlawful exactions, that is to say excessive exactions are made under cover of taxes, the penalty for which can be capital in case of frequent repetition, Cod 10.20.1, D 1.18.6.3; (ix) When a person has with chicanery threatened to lay a charge or to give

evidence so that something may be handed over to him - a matter in which compromises are said to differ from filthy extortions, D 47.13.2, D 3.6.8, together with lex 1, sec 3 of latter title; (x) When a person has been thrust into gaol that something might be wrested from him, D 4.2.22; (xi) Or has been filled with fright through threats by an influential opponent that he will have to go to the hearing in bonds; (xii) Or is forced to pay what is not due without aid of a judge indeed, but nevertheless through the appearance of the retinue of the governor of the province, D 4.2.23 secs 1 and 3; (xiii) When those who put lawsuits into execution have exacted more than is just under pretext of executing a judicial decision, Nov. 124 ch. 3; (xiv) When a person by lying about the friendships or intimacies of a judge sells the results of his decisions, Paulus, Received Opinions, Bk 5 tit 25, last section;

/24............

> and (xv) When magistrates have wrongfully wrested money from someone by a scare of death or of flogging, D 4.2.3.1. "

My onderstreping. Volgens Voet kan die voorwerp van afpersing pecunia vel alia res wees. Hy gebruik ook aliquid. Hy volg dus in die voetspore van sy voorgangers dat die voorwerp van afpersing geld of 'n vermoënsregtelike voordeel moet wees. Of sy vyftien voorbeelde van afpersing inderdaad almal gevalle van afpersing is, kan betwyfel word omdat in sommige voorbeelde vreesaanjaging ontbreek. Daarmee is ek egter nie nou gemoeid vir doeleindes van hierdie uitspraak nie. Wat van belang is, is of Voet na 'n nie-vermoënsregtelike voordeel verwys of nie. Daar is voor ons betoog dat die 4e voorbeeld waarna Voet verwys wel op 'n nie-vermoënsregtelike voordeel slaan. Die 4e voorbeeld is: vel puellam, suae potestati subjectam, invitam compulerit ad nuptias metu suae potestatis, Cod 5.7.1.

Voet begaan twee foute. Eerstens, die meisie of vrou het nie die huwelik aangegaan nie omdat daar slegs gepoog was om haar daartoe te dwing. Tweedens, soos ek supra by die bespreking van Cod 5.7.1 aangetoon het, is dit 'n besondere misdaad wat niks met afpersing te doen het nie. Quandoque dormitat bonus vir Homerus ! Die 4e voorbeeld is derhalwe geen gesag vir die stelling dat die voorwerp van afpersing 'n nie-vermoënsregtelike voordeel kan wees nie. Ek moet verder daarop wys dat Kersteman (1728- ±1793) in die Aanhangsel tot sy Hollandsch Rechtsgeleert Woordenboek, s.v. concussie sonder erkenning 'n verbatim vertaling in Nederlands van Voet 47.13.1 en 2 se Latynse teks gee. Dit is iets wat in gedagte gehou moet word wanneer Kersteman se Aanhangsel geraadpleeg word omdat dit hoofsaaklik op vertalings van Voet gebaseer is en weinig oorspronklikheid van Kersteman self bevat.

Boey (1713-1798) in sy Woordentolk, s.v.

concussie verkondig "--------om geld af te persen, of iets anders". Daar is geen aanduiding dat hy ŉ nie-vermoënsregtelike voordeel in gedagte het nie, gesien die communis opinio van die juriste dwarsdeur die eeue heen.

Van der Keessel (1738-1816) in sy Praelectiones ad Jus Criminale, band 1, 1969, ad D 47.13. 1-3 volg die tradisionele benadering van die juriste dat die voorwerp van afpersing pecunia vel alia res moet wees, d.w.s. ŉ vermoënsregtelike voordeel.

In sy hoofstuk "Van misdaden tegen den Staat" behandel Van der Linden (1756-1835) 2.4.8 die misdaad van afpersing soos volg: "Afpersingen en knevelarijen, dat is wanneer iemand, uit baatzugtige oogmerken, zijn aanzien of gezag misbruikende, of een bevel der Overheid voorwendende, dikwerf met bedreigingen, een ander perst en dwingt om hem in te willigen, het geen hij van hem verlangt." My

onderstreping. Volgens Van Dale se woordeboek _supra_ s.v. baatzuchtig beteken dit: "1. uit baatzucht handelende 2. uit baatzucht voorkomende." Op sy beurt beteken baatzucht: "oneerlijke of althans onedelmoedige zucht tot eigen voordeel, hebzucht, inhaligheid." Die uitdrukking "_het geen hij van hem verlangt_" is so wyd dat dit enigiets kan beteken hetsy vermoënsregtelik hetsy nie-vermoënsregtelik. Van der Linden lig dit nie verder toe nie. Sy hele benadering, insluitende dat afpersing 'n misdaad teen die Staat is, is 'n afwyking van die _communis opinio_ van die latere juriste wat soos 'n ononderbroke rooi draad vanaf die Romeinse reg na die Romeins-Hollandse reg loop.

Ten laaste is daar 'n bydrae van Jacobus Lectius _ad Aemilium Macrum_, _De Publicis Judiciis_, lib. unus wat opgeneem is in Everardus Otto se _Thesaurus Juris Romani_, band 1, 1725, kolom 75-76 waar hy oor D 47.13.2 (wat op

die naam van Macer staan) die volgende belangrike opmerking maak:

> Caeterum hoc loco pecuniae vox ad rem quamcunque aliam accommodanda ut D 3.6.1.1, D 50.16.5 pr, 23. Quin & pecuniam is videtur accepisse, quem creditor, cui testimonium vel accusationem per calumniam minabatur, obligatione liberavit, D 3.6.2,3, D 50.17.115 pr. Sed & qui pecuniam aliamve rem sibi dari eodem fine pactus erit, perinde tenetur ac si acceperit, D 3.6.1.1 in verbis, Pactusve fuit D 48 tit 10. Neque refert ante judicium acceptum an post acceptum concussor quid acceperit, pactusve sit, D 3.6.1.2.

Hierdie opmerking oor die voorwerp van afpersing is volkome in ooreenstemming met die <u>communis opinio</u> wat soos 'n rooi draad deur die regsgeskiedenis van afpersing loop.

Die slotsom waartoe ek kom, is dat volgens

die <u>communis opinio</u> (met een of twee onduidelike of onsekere uitsonderings) wat soos ŉ rooi draad deur ons gemene reg loop, moet die voorwerp van afpersing op geld of ŉ vermoënsregtelike voordeel betrekking hê. Dit beteken dat ons reg op hierdie gebied ooreenstem met die Nederlandse, Duitse, Engelse en Amerikaanse regstelsels. Dit is nie die funksie van ons howe om sonder meer ŉ wyer trefwydte aan ŉ gemeenregtelike misdaad te gee nie. Raadpleeg <u>R v Sibiya</u>, 1955 (4) SA 247 (A) op p 256H-257A. <u>S v J</u>, <u>supra</u>, is derhalwe verkeerd beslis. Die slotsom waartoe die Transvaalse Volle Hof in <u>S v Molendorff en ŉ Ander</u> (<u>supra</u>) gekom het met betrekking tot ons gemeenregtelike kenbronne (waarvan ŉ prysenswaardige ondersoek gedoen is) is basies in ooreenstemming met my bevindinge soos hierbo uiteengesit. Indien daar ŉ behoefte in die samelewing is dat afpersing uitgebrei behoort te word, dan is dit ŉ beleidsaspek vir die Wetgewer om te

oorweeg.

In die lig van die voorgaande is die antwoord op die voorgelegde vraag: "Ja, dit moet ŉ vermoënsregtelike voordeel wees."

C P JOUBERT AR.

HOEXTER, AR)
NESTADT, AR) Stem saam.
VIVIER, AR)
FRIEDMAN Wn AR)